

Hoofstuk van die dag: Jesaja 55

> *Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk. (vers 1)*

Die Jode was op dié stadium al so 50 of 60 jaar lank in Babel.

Hoewel daar Jode was wat getrou gebly het en hulle geloof behou het, was daar ook ander Jode wat hulle land, en meer nog, vir God, vergeet het. In dié omstandighede kom die onvergelyklike uitnodiging van die Here by monde van Jesaja (vers 1): “Kom, almal wat dors is …”
Van die Jode wat aan God trou gebly het, het skeef opgekyk en gevra: “Almal? Hoe kan God vir hulle wat nie getrou was nie, net so ’n kans gee as vir ons?”
God se antwoord is verstommend (vers 8): “My gedagtes is nie julle gedagtes nie.” Gelukkig is dit so. Waar ons lankal sou ophou help en ophou vergewe, bly die aanbod van die Here nóg staan dat ons na Hom kan, en moet, kom. Daarom kan ons bly hoop op God.
Kom ons gryp God se aanbod aan. Kom ons leef met hoop!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke

Hoofstuk van die dag: Jesaja 54

> *Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die Here, wat jou liefhet. (vers 10)*

Dis aaklig om te leef in die vrees dat jou sekerhede onder jou uitgeruk kan word. Dan bly die angs net so onder die oppervlak, en jy kyk gedurig rond om te sien uit watter oord jou ondergang sal kom.

Dís nie hoe ons oor God hoef te dink nie. Sy liefde vir ons is rotsvas. Trouens, sy liefde sal vooruitgang bring, sê Hy vir sy volk. “Maak groter die plek vir jou tent … want jy sal na alle kante toe uitbrei,” verseker Hy hulle (vers 2-3).

As ons aan die Jode se situasie destyds dink, was dit inderdaad ’n groot belofte. Hulle was immers op die randjie van uitwissing. Hulle noordelike broers, die Israeliete, hét verdwyn, en self was hulle in ballingskap, onbenullig en weerloos. Maar waar God beloof, is daar altyd hoop.

Ons weet dat God se volk sedert daardie belofte na alle kante toe uitgebrei het, die hele aardbol vol, sodat ek en jy óók deel van sy mense kan wees.

So skep moed! Deur Gods genade sal ons standhou en kan ons vorentoe kyk.



Hoofstuk van die dag: Jesaja 53

Oor ons oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom. (vers 5)

Hierdie profesie is honderde jare voor Christus se koms uitgespreek, maar jy moet blind wees om nie te sien dat Jesaja hier oor Christus praat nie. As jy besef dat dít is wat jou sonde aan Christus gedoen het, kan jy nie anders as om met afsku vervul te word oor die verskriklikheid van sonde nie. Oor óns sondes is Hy verbrysel.
Maar hierdie gedeelte wil ons nie net iets van die verskriklikheid van Christus se lyding laat sien, of van die vreeslikheid van ons sonde nie. Dit wil ons veral laat sien hoe groot en wonderlik God is, hoe oneindig genadig, hoe onbegryplik groot in sy liefde, dat Hy dit alles aan sy eie Seun laat doen het ter wille van ons redding. Die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.
'n Mens kan maar net in aanbidding laag voor die Here buig as jy die wonder van God se genade begryp. Halleluja!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep

Hoofstuk van die dag: Jesaja 52

> *Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!" (vers 7)*

Ons roeping in die wêreld is om hoop te bring waar ander moedeloos en raadop is. Maar dis moeilik as jy, net soos almal om jou, in die diepste dale van ellende sit. Dit was min of meer die situasie met die Jode in ballingskap. Alles was verkeerd. Niks het vir hulle reg geloop nie, en hulle sit in sak en as, moedeloos en uitsigloos.
In dié ellende kom die boodskap (vers 1 en 7): Tel op jou kop! Ruk jou reg! Jou God is immers Koning!
Ons is geneig om in ons dop te kruip as dinge sleg lyk, en al waaraan ons dan kan dink, is dat die slegte dinge moet verbygaan. Maar soos Jesaja van ouds roep Jesus ons ook op om in die midde van angs en radeloosheid anders te reageer as mense wat Hom nie ken nie (Luk 21:25-28). Dán is dit tyd om regop te staan en ons kop op te tel, want Hy is naby.
Tel op jou kop en skep moed! Ons Here is Koning!



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Jesaja 51

> *Luister na My, julle wat wil reg doen, julle wat na die wil van die Here vra: Dink aan die rots waaruit julle gekap is, aan die klipgroef waaruit julle gegrawe is. (vers 1)*

Die Here neem dié wat reg wil doen, terug na hulle oorsprong. Abraham en Sara moes baie struikelblokke te bowe kom. Maar omdat hulle aan God gehoorsaam was, het hulle deurgekom en sy seëninge ontvang. Wanneer God optree, sal dit ook só met die Jode gaan. Daar sal vreugde en blydskap wees, daar sal gedank en gesing word (vers 3).
Om te deel in dié seëninge van Bo verg besinning. Dink terug, sê die Here. Sien die goue draad van God se sorg in jou eie verlede raak. Die feit dat jy vandag deel is van die Godsvolk, is die resultaat van jou voorgangers se standvastige geloof en onwrikbare vertroue in dié Een wat alleen kan help, en wie se hulp nie kortstondig is nie, maar oor geslagte heen strek (vers 8).
Ons word egter nie net geroep om terug te kyk nie. Ons word ook aangepraat oor ons kinders (vers 18). Wat doen jy om jou kinders aan die hand te vat en op die pad van geloofsafhanklikheid te lei?



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: Jesaja 50

> *Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos ’n leerling moet luister. (vers 4)*

Dis die Dienaar van die Here wat hier aan die woord is, en Hy erken dat sy woorde van God af kom. Elke môre sit Hy opnuut aan God se voete om te weet wat Hy moet sê, en hoe Hy dit moet sê.
In die Here Jesus se aardse lewe het Hy dit daadwerklik uitgeleef. Ons lees hoe Hy dikwels vroeg-oggend (en soms selfs die hele nag lank) die stilte gaan opsoek het om in sy Vader se teenwoordigheid te wees (vgl. onder andere Mark 1:35, Luk 5:16, 6:12).
Ek en jy sal nie sonder dié stiltetyd in die leerskool van God ons getuienis kan uitleef nie. Dalk is jy gefrustreerd, want daar is soveel dinge wat jou aandag verg dat jy sukkel om by God stil te word. Maar dis juis in sulke omstandighede wat jy tyd moet máák vir stil word. Dis tog wat Jesus gedoen het.

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026